# DIE SKEPPING SEISOEN 2023

Eerste Sondag - 3 September

## Laudato Si Gebed

### *Openingsgebed*

Skepper van Alles,
Uit u liefdesgemeenskap
het die lewe ontspri
en so het die hele kosmos tot stand gekom.
Op dié Aarde, oorstroom van liefde,
het die Woord vlees geword
en met lewegewende waters uitgevloei
om vrede en geregtigheid
vir die hele skepping te verkondig.
U het die mens opgeroep
om u tuin te versorg en te bewerk.
U het ons in 'n regte verhouding
met elke skepsel geplaas,
maar ons het nie op die noodkreet van die Aarde
en die hulpgeroep van die kwesbaarstes aggeslaan
nie
Dit is ons wat die voortvloeiende liefdesgemeenskap
verbreek het en teen U gesondig het
deur nie die toestande wat lewe moontlik maak
te bewaar nie.
Ons treur oor die uitsterf van ons medeskepsels
en die verlies aan hul habitat,
ons rou oor die verlies aan menslike kulture,
saam met al die lewens wat verdryf is
en die plekke wat lewe kon onderhou het
wat NOU tot niet gegaan het.
Met pyn aanskou ons die ekonomie van
dood, oorlog en geweld,
wat ons oor onsself en die Aarde gebring het.
Open ons ore vir u skeppende, versoenende
en heilsame Woord,
wat deur die boek van die Skrif
en die boek van die skepping tot ons roep.
Seën ons weereens met u lewegewende water
sodat die Skeppergees geregtigheid en vrede
in ons harte sal laat opborrel en laat oorvloei
in die hele skepping.

Open ons harte om die lewende water
van God se geregtigheid en vrede te ontvang,
en om dit te deel met al ons broers en susters
wat in ellende verkeer,
asook alle skepsels rondom ons
en die ganse skepping.
Seën ons sodat ons saam met
alle mense van goeie wil
die pad sal aandurf om te verseker dat
die verskillende strome van God se geregtigheid en vrede
saam mag vloei tot 'n magtige rivier
oor die hele Aarde heen.
In die naam van die Een wat gekom het om
die blye boodskap aan die hele skepping te verkondig,
Jesus Christus. Amen.

# DIE SKEPPING SEISOEN 2023

Eerste Sondag - 3 September

## Meditasie

**VANAF DIE KRUIS**

**VLOEI DAAR GEREGTIGHEID VIR DIE HELE SKEPPING**

As Christene word ons ook daartoe geroep “*om die wêreld te aanvaar as ‘n sakrament van gemeenskap, as ‘n manier om op wêreldwye vlak met God en ons naaste te deel. Dit is ons nederige oortuiging dat die goddelike en menslike mekaar in sowel die kleinste detail van die naatlose kleed van God se skepping as in die geringste stofdeeltjie van ons planeet ontmoet.*”

Laudato Si, par. 8

# DIE SKEPPING SEISOEN 2023

## Eerste Sondag - 3 September

# ‘n Gebed vir ons Aarde

## *Slotgebed*

Almagtige God,
U is oral aanwesig;
in die uitgestrektheid van die heelal
en in die kleinste van u skepsels.
In teerheid omhels U alles wat bestaan.

Stort u liefdeskrag ook uit oor ons,
sodat ons die lewe en skoonheid sal beskerm.
Vervul ons met vrede,
sodat ons as broers en susters saam mag lewe
en niemand skade aandoen nie.

O God van die armes,
help ons om hulle te red
wat op hierdie aarde verstote en vergete is,
maar so kosbaar is in u oë.

Genees ons,
sodat ons die wêreld sal beskerm
en nie uitbuit nie,
sodat ons skoonheid sal saai
en nie besoedeling en verwoesting nie.

Raak die harte aan van hulle wat net wins najaag
ten koste van die armes en van die aarde.
Leer ons om die waarde van elke ding raak te sien,
sodat ons vol verwondering tot besinning sal kom
en insien dat ons, op ons weg na u oneindige lig,
ten diepste verbonde is met alle skepsels.

Ons dank U dat U elke dag met ons is.
Ons bid U: Versterk ons in ons stryd
vir reg, liefde en vrede.

Uit Laudato Si deur Pous Franciskus